Die leraar as leier ("Rimpeldirigent")

Die tyd dat predikante en die kerkraad alleen hulle gawes vir diens beskikbaar stel en rimpels maak, is lankal verby.

"Die Seun van die mens het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien." (Mark 10: 45). Lidmate wat hulle roeping ernstig neem en in Jesus se voetspore volg, besef dat hulle nie bedien moet word nie, maar moet dien. Elke christen word geroep om 'n dienaar te wees.

Lidmate moet die wêreld:

- se nood raaksien,
- leer omgee en
- hulle gawes gebruik
- om hoop te bring en
- 'n verskil in ander se lewens te maak.

Toerusting is deurslaggewend om die vaardighede wat lidmate nodig het uit te bou, te kweek en in te oefen. Indien die lidmaatpotensiaal wat nog onderbenut in baie gemeentes is, ontsluit kan word, sal die kerk en Christendom ontplof en uit sy nate bars.

Die leraar is 'n geestelike leier

- Geestelike leiers besef dat God self die Hoof van die kerk is, en slegs **mense as instrumente** gebruik om rimpels te maak.
- 'n Geestelike leier se identiteit is die van **'n dienskneg**. Jesus het gekom om te dien en Sy lewe vir baie mense te gee. In die bediening gaan dit dus om diens en bedien.
- Geestelike leiers word **deur God geroep** en Hy rus hulle toe met besondere gawes.
- Geestelike leiers **leef naby God** en sorg dat hulle elke dag hulle krag van Hom kry.
- 'n Geestelike leier **laat die lammers wei.**
- Geestelike leierskap beteken om ander mense te **bemagtig, te energeer** en te **inspireer**. Hy is inderdaad die rimpeldirigent wat elke instument tot sy reg laat kom.
- Geestelike leiers het die vermoë om **gelowiges te laat word** wat hulle reeds in Christus is.

- Ware geestelike leiers hou nie vas aan mag nie, en verstaan dat hulle ware leierskap juis daarin lê om ook **ander leiers te ontwikkel** en te bemagtig. Hulle is bly as die son ook op ander skyn.

GEESTELIKE LEIERSKAP

Geestelike leierskap is in wese niks anders as om ander mense te **bemagtig, te energeer** en te inspireer nie. Geestelike leiers het die vermoë om gelowiges te laat word wat hulle reeds in Christus is. Ware geestelike leiers hou nie vas aan mag nie, en verstaan dat hulle ware grootheid juis daarin lê om mag te kan deel en selfs weg te gee. Hulle is bly as die son ook op ander skyn.

Van leraars wat hierin slaag, sou jy die volgende kon sê:

1. Geestelike leiers laat die lammers wei!

Geestelike leiers pas die skape op!

Geestelike leiers laat die skape wei! (Joh 21:15-17)

- Hulle beskou lidmate as medewerkers of vennote in die bediening
- Hulle raak ontslae van status- en magsimbole wat net afstand bring
- Toerusting van lidmate is vir hulle baie belangrik
- Hulle sien hulleself as speler-afrigters (coaches)
- Hulle skep ruimte vir lidmate om hulle bediening uit te voer
- Hulle leef oop en kwesbaar teenoor diegene wat hulle begelei.

2. Die leraar loop sy aan sy met die proses

- Die leraar is by uitstek die vertolker van die prosesse in die gemeente.
- Die leraar verstaan die konteks waarbinne die gemeente haar bevind.
- Die leraar is by uitstek hermeneut (verklaarder) van die konteks in die lig van die Skrif
- Die leraar is verteller / duidelik maker/ verklanker / wat mense laat ontdek wat hulle alreeds in Christus is.
- Die leraar het nie soseer die idees nie maar hy skep met sy bydrae ’n teater of ruimte waarbinne mense tot hulle reg en tot hulle self kan kom.
- Die leraar bou en skep ruimtes vir die vorming van netwerke, vennootskappe en wys op die interafhanklikheid en konneksies (eenheid) in die liggaam wat voortdurend gevorm, gesluit en ingeoefen moet word.

3. Die leraar is ’n priester:

- Hy is ‘n voorbereider, ‘n voorbrandmaker, ’n klimaatbouer in Jesus se Koninkryk.
- Hy is ‘n atmosfeerskepper, ’n wierookbrander en iemand wat smaak en geur bring,
- Hy is ’n bekendsteller van Jesus as die Broodbreker wat Sy liggaam laat verbrysel het en vir ons die brood van die lewe geword het.
- Hy is ’n bekendsteller van Jesus as die Wynskinker - die versinnebeelding van sy bloed wat vir ons gevloei het en die water is van die ewige lewe, waar ons nooit weer dors sal kry nie.
- Ja-nee die leraar is ’n ruimtemaker en ’n bewusmaker wat lidmate daarop wys dat hulle hulle ware identiteit alleen maar in Christus kan ontdek.
- Die leraar is nie die maker soos veroorsaker van geestelike getuienisrimpels nie maar eerder iemand wat met sy oor naby aan die Woord en die konteks lewe en gelowiges mét hulle gawes daarmee in verbinding bring.
- Die leraar is ‘n instrument om gelowiges se identiteit te verklank met fyn aanvoeling en onderskeidingvermoë.
- Die leraar weet as lidmate iets van hulle identiteit in Jesus begryp en verstaan, kom hulle in beweging. Hulle verander van toeskouers na rolspelers!
- Die leraar is ’n fassiliteerder wat lidmate hulle eie identiteit voor God laat ontdek en hulle laat besef hulle kan en het miskien alreeds ’n verskil gemaak in hulle omgewing. Hulle moet net verder aangemoedig word.

4. Die leraar is die een wat die wyer prentjie sien en die bevorderaar is van

EENHEID en SAMEHORIGHEID

- Die leraar behoort oor die wyer prentjie te beskik en jaloers te waak oor die EENHEID (Joh 17), wat dié kenmerk van Christelike identiteit behoort te te wees.
- EENHEID is ‘n kenmerk wat gelowiges reeds in Christus het. Soos die Drie-Eenheid een is is gelowiges een en dit het ’n rimpelingeffek in hulle omgewing! Vanuit hierdie eenheid lewe en beweeg die gelowige.
- Dit is die leraar se taak om hierdie soort eenheid te verklank tydig en ontydig veral binne ’n diverse samelewing van mense en verskillende spiritualiteite. (Godsbelewinge - Sien Box 3 oor Verskillende Spiritualiteite)
- Een van die uitstaande kenmerk van ons identiteit as lidmaat van die kerk is: EENHEID - met/soos die Drie-eenheid en ook
  - met mekaar: Een van sin

  Een van hart

  Een van verstand

as ’n voorbeeld en getuienis vir die omgewing waarbinne ons geplaas is.

Die leraar as ‘n gemeenteleier

- Die leraar is die persoon wat **koers aandui** in die gemeente.
- Leierskap en **strategiese denke** is ’n groot aanwins.
- Gelukkig werk predikante al meer **in ’n span saam** en is dit nie meer nodig om hierdie verantwoordelikheid alleen te dra nie. Die span help mekaar in strategiese prosesse en ondersteun mekaar. Die samestelling van die span is daarom belangrik.
- As leraar moet jy **jou gawes en passie ken** voordat jy sekere prosesse in die gemeente laat plaasvind.
- Indien die leraar voel dat leierskap nie sy primêre gawe is nie moet hy hierdie **taak aan iemand anders opdra** en hom ondersteun.
- Indien die leraar wel die voortou neem, moet hy **entoesiasties en positief** wees.
- Die leraar moet daarop voorbereid wees dat lidmate soos hulle meer bemagtig raak, **nuwe innoverende en kreatiewe idees** gaan voorstel.
- Die gemeenteleier moet dit kan akkomodeer en bestuur. Dit is mos juis hierdie potensiaal van lidmate wat ons **in die proses wil ontgin**!
- Leiers neem mense na plekke waar hulle nie self sou kom nie en maak **die onmoontlike moontlik.**

Die span moet die gemeente kan motiveer en die volgende gawes insluit:

- Die gemeente kan lei om God se stem duidelik te hoor binne die konteks waarin die gemeente haar bevind – Hoe wil Hý die gemeente gebruik?
- Die gawe hê om die gemeente te lei om ’n realistiese droom (visie) daar te stel.
- Mense kan verenig om op die visie te fokus.
- Elkeen se unieke bydrae kan saamsnoer in ’n harmonieuse eenheid.
- Mense kan inspireer en motiveer.
- Kan deurlopend erkenning en waardering vir elke bydrae gee.
- Kan bepaal wanneer koersaanpassings nodig is, met inagneming van wat die gemeente kan assimileer en teen watter pas. God gee hierdie insig as ons biddend op antwoorde soek.
- Gedeelte waardes moet opgestel en gevestig word waarvolgens die gemeente funksioneer en almal op koers hou.
- Beplan hoe om bronne optimaal te benut byvoorbeeld leierskap en gawes in die gemeente. Maak gebruik van ADGO hulpmiddele, netwerke en vennootskappe.
- Fyn onderskeidingsvermoë hê om te sien wanneer die moraal laag is in die gemeente of wanneer probleme voorsien word in die proses, die nodige aanpassings betyds te maak.
- Deurlopend nuwe leiers te identifiseer, te ontwikkel en ‘n leierskapkultuur te vestig. (Ef 4:11-13)